

NG Gemeente

# Welgemoed

## 2018

# Groei oor GRENSE!

# Kontakbesonderhede

## PREDIKANTE



*Heerden van Niekerk*
Huistel: 021 913 3520
**Heerden – 083 701 7011**
Hannelie – 084 497 9690
hvn@cast-sa.co.za



*Nelis Janse van Rensburg*
Huistel: 021 913 1849
**Nelis – 082 821 2730**
Aletta – 084 410 5700
cjrens@telkomsa.net



*Wouter van Velden*
**Wouter – 082 419 2118**
wouter@ngkwelgemoed.co.za



*Karlien van Wyk*
**Karlien – 084 250 2473**
karlien@ngkwelgemoed.co.za



**JEUGWERKER**
*Nicola Mostert*
Tel: 021 913 2320 (w)
Sel: 079 490 4904
nicola@ngkwelgemoed.co.za



**ADMINISTRATIEWE BESTUURDER**
*Marian Truter*
Tel: 021 913 2341(w)
Sel: 082 809 2464
marian.truter@ngkwelgemoed.co.za



**MUSIEKBEDIENING**
*Riaan Steyn*
Sel: 083 478 1107
riaan@traxtudio.co.za



**ONDERSTEUNINGDIENSBEAMPTE**
*Megan Herselman*
Tel: 021 913 2320 (w)
Sel: 083 256 7909
ontvangs@ngkwelgemoed.co.za



**FASILITEITEBEAMPTE**
*Riaan van der Merwe*
Tel: 021 913 2320 (w)
Sel: 084 227 9209
fasiliteite@ngkwelgemoed.co.za

# Groei oor Grense

## Ons Tema vir 2018

Ons lees elke jaar wanneer ons jaarbeplanning doen Jer 17, Fil 1 & 2 en Luk 10. Dié drie tekste het ons in ons besinning oor 'n jaartema vir 2018 duidelik gelei na “Groei oor Grense” as ’n tema in lyn met ons missionale denke.

Dié tekste het ons ook uitgedaag om deur diensbaarheid vele grense oor te steek – om te beweeg van: kerk na koninkryk, selfgerigtheid na wêreldgerigtheid, selfhandhawing na selfontlediging en geslote gemeenskappe na oop en uitbreidende gemeenskappe. Tydens aanbiddingsgeleenthede waar die Woord verkondig word, (bv. eredienste) en geleenthede waar die gemeenskap van gelowiges ervaar word (bv. kleingroepe) gaan ons inspirasie vir dié beweging ervaar. Hierdie inspirasie van die Gees gaan ons bring op plekke waar diensbaarheid – soos Jesus dit gedoen het – ’n verskil maak. Juis dit gaan óók in ons ’n verskil maak – om uit te reik oor grense.

## Leraars

Ons leraars is die herders wat die gemeente met empatie en weldeurdagte kennis van die Woord van God bedien. Elkeen is met sy/haar unieke gawes betrokke by die verskillende bedieninge van die gemeente asook in die rings- en sinodale verband.

## Wyksbediening

Ons gemeente is geografies ingedeel in 55 wyke. Elke wyk word bedien deur ’n ouderling en diaken/dienswerker. Elke wyk is ’n aktiewe pastorale netwerk. Omgee en ondersteuning aan mekaar is ’n baie sterk waarde van die gemeente.

## Pastorale werk

**LERAARS EN OUDERLINGE**
Ons leraars maak groot erns met hul pastorale werk. Lidmate word tuis en in hospitale besoek. Huisbesoeke deur die predikante word deur die wyksouderling gereël. Die pastorale versorging van oud en jonk is een van die hoekstene van ons gemeente. Ons vra dat enige persoon wat ’n behoefte het aan pastorale ondersteuning die kantoor, wyksouderling of leraars sal kontak.

## Fokus op die Kerkjaar

(Die kerkkalender se kleure volg die kerkjaar)

| | |
|---|---|
| Advent: | 3-24 Des ‘17 |
| Kersfees: | 25 Des ‘17 |
| Epifanie: | 26 Des-6 Jan ‘18 |
| Sondag van Verheerliking: | 11 Feb ‘18 |
| Lydenstyd – Aswoensdag: | 14 Feb ‘18 |
| Palmsondag: | 25 Mrt ‘18 |
| Groot Lydensweek: | 26-29 Mrt ‘18 |
| Paasfees – Goeie Vrydag: | 30 Mrt ‘18 |
| Paasfees – Sondag: | 1 Apr ‘18 |
| Hemelvaart: | 10 Mei ‘18 |
| Pinkster: | 13-20 Mei ‘18 |
| Koninkrykstyd: | 27 Mei-1 Des ‘18 |





## Eredienste

Die eredienste vorm die hartklop van die gemeente en is die fokuspunt van die week. Die oggenddiens vind op Sondae om 09:00 plaas. Die laerskoolkinders begin die erediens saam met hulle ouers en beweeg later in die diens uit vir kinderkerk en kategese. Daar is ten minste een keer ʼn kwartaal ʼn "familiediens" wat gerig is op die kinders en waar hulle dus nie ʼn aparte kategese geleentheid het nie.

Op Sondagaande is daar eredienste van verskillende aard: Die Caritasdiens is ʼn geleentheid wat in die kapel plaasvind en ʼn meer meditatiewe en pastorale karakter het. Die Stildiens het ook 'n meditatiewe karakter, maar vind in die kerk plaas. Daar word ook een keer ʼn kwartaal ʼn nagmaalsgeleentheid in die aand aangebied. Hierdie eredienste word afgewissel met toerustingsgeleenthede waar daar nagedink word oor verskeie aktuele onderwerpe. Die kalender kan geraadpleeg word vir wat op ʼn spesifieke aand gebeur.

Die tienerdienste vind ook op ʼn Sondagaand in die saal plaas. Hoewel die diens gerig is op die tieners en ʼn meer informele karakter het, is elkeen in die gemeente welkom. Volwasse gemeentelede word veral genooi na die gesamentlike aanddiens wat aan die einde van elke skoolkwartaal saam met die tieners plaasvind.

## Gebedsbediening

Ons gebedsbediening geskied o.l.v. Louise Spies (021 950 4455/072 545 4316). Vanjaar skenk ons spesiale aandag aan die ontwikkeling van ʼn gebedskultuur in die gemeente. Ons skop af met ʼn gebedsretrait op 13 & 14 Januarie. Dit word opgevolg met ʼn gebedskursus op 21 & 22 Februarie. Die groep is verantwoordelik vir voorbidding tydens die erediens, vir die koms van die koninkryk deur kerklike werksaamhede en gelowiges se getuienis- en dienswerk. Die groep bid ook vir persone vir wie spesiale voorbidding benodig word.

Ons afhanklikheid van God is die vertrekpunt in alles wat ons doen. Gebedsbediening maak Sondae deur die Welgenoot spesiale gebedsgeleenthede bekend. Enigeen is welkom om by hierdie span aan te sluit deur net vir Louise of die kerkkantoor te skakel of net die gebedsgeleenthede by te woon.

## Kleingroepe

Die kleingroepe in ons gemeente is ruimtes waar persone van alle ouderdomme deel kan raak van 'n geestelike gesin waar versorging, geestelike groei en gesamentlike diensbaarheid plaasvind. Persone kan volgens verskillende kriteria en behoeftes inskakel by kleingroepe - volgens lewensfase, gesinsopset, hoe gereeld die groep bymekaar kom ens.

Ons moedig persone om veral aan die begin van die jaar of aan die begin van die derde kwartaal by 'n kleingroep aan te sluit, hoewel lidmate welkom is om enige tyd van die jaar te skakel om iewers ingedeel te word. Vir meer inligting kan die kerkkantoor of ds Wouter of ds Karlien gekontak word.

## Bybelstudiegroepe

Lidmate skakel in by bybelstudiegroepe.

| | |
|---|---|
| Mans: | Maandae 20:00 |
| Vroue: | Dinsdae om 09:30, Woensdae & Donderdae om 09:00 |
| Seniors: | Dinsdae 09:30 |
| Mans & vroue: | Woensdae 19:00 |

## Musiekbediening

Riaan Steyn is die musiekdirekteur. Ons musiekbeleid maak voorsiening vir verskeidenheid van instrumente in die erediens soos die orrel, klavier, viool, fluit, basviool, trompet, kitaar, ens.

Klassieke dienste word afgewissel met meer kontemporêre- en ook meditatiewe dienste. Ons musiekbediening is een van ons grootste bates. Kwaliteit is kenmerkend van ons musikale aanslag. Ons eredienste gaan in 2018, belyn met ons tema, oorwegend 'n lofkarakter hê.

## Toerusting van Lidmate

Baie moeite word gedoen met Sondagaande se toerustingsgeleenthede. Bekende sprekers, rolmodelle in die gemeenskap en kenners op verskillende terreine word genooi om gelowiges toe te rus vir die uitdagings ten opsigte van hulle roeping en lewe.

## Gasvryheid

Ons Gasvryheidsbediening wil alle lidmate, asook nie-lidmate, laat tuis voel in die gemeente.

Nuwe lidmate word gehelp om in te skakel by die gemeente se aktiwiteite en geloofsgemeenskap. Die bedieningspan besoek nuwe lidmate tuis en verwelkom almal Sondae by die erediens. Hulle maak kontak met besoekers in die voorportaal. Almal word genooi om saam tee of koffie te drink na afloop van die erediens.

Nadat nuwe lidmate 'n geleentheid gehad het om in te skakel en deel te neem aan die gemeente-aktiwiteite, word hulle weer geskakel of besoek om terugvoering te verkry oor hulle ervaring en moontlike wenke te oorweeg. Dit is vir ons belangrik dat die interpersoonlike kontak nie net 'n eenmalige formaliteit moet wees nie. Terugvoering word ook aan die wyksleraar, ouderling en kerkkantoor gegee in die verband.

Daar word twee teedrinkgeleenthede per jaar gereël, waar alle nuwe intrekkers na die oggenddiens kan kennis maak met mekaar en die leierskorps van die kerk. Hiertydens kan die lidmate ook beter insae kry in die uitgebreide werksaamhede van die gemeente, bestaande klein- en bybelstudiegroepe.

## Geldsake

Die gemeente dien die Here met ons materiële bates. Maandelikse bydraes, bankkollekte en die tiendemaandbydraes is ons hoofkanale van inkomste. Ons hou egter ook fondsinsamelings gedurende die jaar.

Die gemeente het ook 'n Geloofsgelofte-offer Fonds (GGO) waar lidmate vrywillige finansiële bydraes, bo en behalwe hulle dankofferbydraes, kan maak vir spesifieke getuienis- en barmhartigheidsaksies. Hierdie fonds lewer jaarliks groot bydraes tot dienswerk.

# Familiebediening

Familiebediening fokus op die opbou van die gemeente as huisgesin van God en dat elkeen wat deel vorm van die gemeente mag ervaar hulle is deel van ’n groter geloofsfamilie.

’n Eerste afdeling van Familiebediening se werksaamhede is die jeugbediening en die kategese. Ons dooplidmate word in drie groepe ingedeel – Die Jakkers (Gr R, 4 en 5 jariges), Jonk (Gr 1-7) en Jeug (Gr 8–11). Die “Jakkers” en “Jonk” se kinderkerk en kategese vind gelyklopend met die oggenddiens plaas: “Jakkers” gaan reeds voor die erediens na hulle klassies terwyl die “Jonk” groep die erediens saam met hulle ouers begin en dan uitbeweeg na Kinderkerk. Die “Jeug” groep kom op ’n Sondagaand bymekaar vir die Tienerdiens en kleingroepbesprekings wat daarop volg. Kampe, uitreike en ander geleenthede vir die kinders en hulle ouers word ook gereël. Daar word veral gefokus op die uitbou van “Huisgeloof” – dat huisgesinne gehelp om word om ruimtes van geloofsgroei te wees.




’n Volgende afdeling van Familiebediening se werk sentreer rondom die kleingroepbediening. Persone kan volgens verskillende behoeftes en kriteria inskakel by kleingroepe – hetsy ouderdom, hoe gereeld ’n groep byeenkom, gesinsopset van die groeplede ens. Familiebediening reël ook geleenthede vir jong volwassenes om bymekaar te kom.

Vir enige navrae of indien iemand deel wil word van die werksaamhede van die bediening kan ds Wouter, Nicola of die kerkkantoor gekontak word. Indien iemand wil inskakel by ’n kleingroep kan ds Wouter of ds Karlien gekontak word.



# Diensgetuienis

**GETUIENIS**

Ons ondersteun sendingaksies deur middel van finansiële en materiële bydraes, voorbidding en onderskraging, asook besoeke aan die plekke waar ons sendelinge werk. Die gemeente ondersteun tans sendelinge in Lesotho, Transkei, Frankryk en Japan. Die gemeente ondersteun ook die werk van die Nehemia-Bybelinstituut. Die kommissie is ook aktief betrokke by uitreike na gemeenskappe in ons omgewing waar daar geestelike nood is.

**BARMHARTIGHEID**

Die gemeente lewer uitgebreide ondersteuning aan mense in nood. Die vrouebediening van die gemeente speel hierin ’n beduidende rol. ’n Groot kospakkie-insameling word drie keer per jaar gedoen.

Ondersteuning word gebied aan gemeenskappe in Kraaifontein, Ruyterwacht, Khayelitsha, Fisantekraal en Badisa (die welsyns-organisasie van die NGK en VGK), waar veral kinders, gestremdes en bejaardes in nood verkeer.

Elke Sondag word behoeftes in die Welgenoot geplaas. Lidmate dra spontaan by met kos, klere, skryfbehoeftes, vaardighede, fondse, vervoer en op talle ander maniere. Ons het 8 projekte/instansies/gemeentes geïdentifiseer waarop ons in besonder in 2018 fokus. Ons moedig gemeentelede aan om prakties by hierdie inisiatief betrokke te raak. Ons gee inligting oor ons fokusprojekte:

Dit begin met 'n storie...

**Nal'iBali – Leesprojek**
Ons reik uit na Tygerberghospitaal se kindersaal. Hierdie projek vorm deel van die Wes-Kaap Sinode se fokus op vroeë kinderontwikkeling en ons vat hande met die Nal'iBali leesprojek. Ons benodig vrywilligers wat een keer 'n week/maand vir 'n uur lank stories kan lees by 'n kind se hospitaalbed. Die doel is om deur omgee 'n liefde vir lees en stories te kweek.

Kontakpersoon: Nicola Mostert 079 490 4904
E-pos: nicola@welgemoed.co.za

**Living Network Krisissentrum**
Living Network is 'n Christelike organisasie wat sedert 2002 dienste aan die gemeenskap lewer. Dit is geregistreer as 'n maatskappy sonder wins-oogmerk en belastingvrysertifikate word uitgereik.

**Ons Visie: Saam versorg ons ander en laat hul groei. Missie: Ons streef om hoop en sorg aan enige persoon in nood te bring.**

Ná assessering voorsien ons in basiese behoeftes, soos kos en klere. Ons identifiseer behoeftes in die gemeenskap en deur middel van vennote in die netwerke voorsien ons in dié behoeftes. Spesifieke behoeftes van mense in verband met bv. verslawing, werkloosheid, ens. word ook op hierdie wyse aangespreek.

Ons bemagtig persone en help hulle om hul eie potensiaal te ontdek, bv. deur hul vaardighede te ontwikkel.

Ons Kontakpersoon: Louise Spies. Tel 021 950 4455 | E-pos: livnet@churchadventure.co.za, www.livingnetwork.org.za



**Maitland Gemeenskapskerk**
Maitland Gemeenskapskerk se droom is om die menswaardigheid van iedereen in ons gemeenskap te bevorder en te herstel deur die navolging van die voorbeeld van Christus. Die gemeente bely daarom "Ons Hande en Harte is Oop vir Alle Mense".

Hierdie gemeente is 'n NG gemeente, waarvan die demografie en omgewing radikaal verander het. Dit is 'n unieke gemeenskapskerk wat die behoeftes van 'n woelende middestad gemeenskap in Voortrekkerweg aanspreek. Die gemeente het 'n groot hawelosebe-diening en ondersteun ook die plaaslike immigrante gemeenskap. Hierdie is egter nie vir die gemeente bedieningsvelde nie. Hierdie mense is lidmate en bedien mekaar.

ʼn Primêre fokus van hierdie gemeente is die aanspreek van die onmiddellike materiële behoeftes van die gemeenskap – voorsiening van kos, klere, verwysing na mediese dienste, ens. Die gemeente het ook ʼn groeiende jeugbediening en wil graag ondersteuning bied vir voorskoolse jeug, en fasiliteite en ruimte bied vir skoolgaande jeug om huiswerk en studie in ʼn ondersteunende atmosfeer te kan doen.

Die gemeente wil graag haar gawes en fasiliteite tot die maksimum benut om ʼn dinamiese gemeenskapsentrum in Voortrekkerweg daar te stel wat holisties die behoeftes van die gemeenskap aanspreek.

Die leraars van Welgemoed preek op ʼn gereelde basis in Maitland. Ons maak die preekbeurte van ons leraars in die Welgenoot bekend en nooi lidmate om dit saam met die leraar wat die diens daar lei, by te woon. Lidmate wat tot dusver die dienste daar bygewoon het, getuig van die ryke geestelike belewenis daarvan. Hou die Welgenoot dop vir besonderhede.

Ons Kontakpersoon: Kristy Hansen 084 990 9637  E-pos: kristyhnsn@gmail.com

**Ligstad**

Ligstad se droom is om hoop te bring waar hoop skaars is en wil Jesus se liefde, in ʼn gemeenskap wat dors na liefde, uitleef.

Ligstad is ʼn Christelike organisasie wat in Alberton ontstaan het. ʼn Kwynende gemeente se geboue is as basis gebruik om pro-aktiewe werk in die gemeenskap tot stand te bring. Ligstad-Alberton het die afgelope 5 jaar sodanig gegroei, dat hulle tans 60 voorskoolse kinders in die oggend versorg en ongeveer 70 skoolkinders in ʼn nasorgsentrum met kos en onderrig in die middag bedien. Verder is daar ongeveer 135 bejaardes wat met bybelstudie-, beradingsgroepies, ens. bedien word.

Ligstad is by SARS as ʼn NPO geregistreer en het in samewerking met die Ring van Bellville teen die einde van 2016 begin om die gemeenskap van Bellville te bedien. Tans is daar ʼn Bederfsentrum vir bejaardes op die terrein van die NG Kerk Bellville-Wes (H/v 7de Laan en Clevelandstraat, Boston). Die dienste wat vanuit die sentrum gelewer word, behels die volgende:

Die oplaai van bejaardes by hulle wonings met die oog op:

- Kuiergeleenthede,
- versorging van hulle hande en voete,
- die doen van hare en
- vervoer na mediese dienste.

Daar is ook begin met ondersteuningsdienste by die Laerskool Bellville:

- Daar word twee dae per week kos aan honger kinders voorsien,
- handwerk klasse word aangebied en
- remediërende onderrig verskaf.

Ligstad is ʼn plek van hoop waar mense Jesus se liefde in hul besondere lewensomstandighede ervaar. Ons nooi u om in te skakel – saam wil ons leer hoe om die Lewende Here as gemeenskap te dien.

Ons Kontakpersoon: Annette Hansen
084 941 2976 | E-pos: annetthnsn@gmail.com



**Trusthuise vir Seniors**

Die Trusthuise vir Seniors het 25 jaar gelede op inisiatief van gemeentelede tot stand gekom. Die behoefte aan bekostigbare verblyf vir bejaardes wat nog selfversorgend is, maar nie huisvesting en lewensmiddele uit eie sak ten volle kan bekostig nie, is met hierdie inisiatief ondervang.

Daar is drie Trusthuise in Bellville (Pastoriestraat 6, Karoostraat 18 en Ionastraat 7) waar 17 bejaardes tuisgaan. Die Trusthuise word deur 'n Trust, bestaande uit 5 gemeentelede, bestuur.

Die gemeente is aktief deur middel van ons barmhartigheidsaksies by die wel en weë van die inwoners betrokke. Daar is 7 vroulike en 2 manlike vrywilligers wat hulp aan die inwoners op verskeie maniere verleen, naamlik onderhoudswerk aan die huise, skenking van klere, kos en huishoudelike artikels, besoeke, verjaarsdaggeskenkies, hulp met doktersbesoeke, uitstappies en 'n Kersfunksie. Die gemeente subsidieer ook uit die kerkkas en Geloofsgelofte-offer fondse vir verblyf aan inwoners in bepaalde omstandighede.

Die trust het 'n afgetrede maatskaplike werker, Me Marietjie de Jongh, gekontrakteer om die assessering van inwoners te doen en hulp aan die vrywilligers en trustees rakende inwoneraangeleenthede te verleen. Me Melanie Telleman is die boekhouer van die Trust.

Ons kontakpersoon: Banus Baard
083 625 8111 | E-pos: sabaard@mweb.co.za



**NGK Ruyterwacht Gemeente**

Ruyterwacht is 'n baie ou gemeente wat in die 1930's ontstaan het op grond wat geleë is langs die huidige Grand West Casino. Die gemeente was vroeër bekend as Epping Tuine weens die pragtige bome en tuine. Met verloop van tyd het die gemeente voor aansienlike uitdagings te staan gekom as gevolg van armoede en werkloosheid wat op baie huishoudings 'n knellende greep gekry het. Die gemeente bestaan tans uit 600 lidmate waarvan slegs 100 by die kerk betrokke is. Die Sondagskool bestaan uit 68 kinders. Ds Miga Coetsee is tans die leraar.

Hoewel die gemeente hard probeer om self kop bo water te hou, is hulle in 'n groot mate op ander gemeentes se hulp en bystand aangewese. Welgemoed is aktief betrokke by Ruyterwacht deur middel van uitreike, verjaarsdagpakkies vir die kinders, kersgeskenke, besoeke aan die gemeente en allerlei skenkings soos klere en kos.

Ons gemeente het reeds by twee geleenthede in die onlangse verlede saam met

Ruyterwacht hul oggenddiens bygewoon. Na dié dienste het ons heerlik saam gekuier.

Ruyterwacht gemeente lê ons na aan die hart – daarom wil ons graag ons betrokkenheid in 2018 by hulle uitbou.

Ons Kontakpersoon: Alida Groenewald
073 554 2209 | E-pos:
alidagroenewald100@gmail.com




**Khayelitsha**
In 2018 gaan ons ons verhouding met die "Disciples of Christ" gemeente in Khayelitsha uitbou. Dit geskied binne 'n groter raamwerk van samewerking wat tans tussen gemeentes in die NGK en in Khayelitsha ontwikkel word. Ons wil graag fokus op die bou van vriendskappe, blootstelling aan mekaar se kontekste en ervarings van mekaar se werksaamhede.

Prakties beteken dit die bywoning van mekaar se eredienste, inskakeling by mekaar se projekte en ook die moontlikheid van saam nuwe projekte ontwikkel, en om eenvoudig net saam te kuier rondom 'n etenstafel. Verteenwoordigers van beide gemeentes sal 'n span vorm wat die nodige reëlings vir die onderskeie geleenthede sal tref.

Ons kontak persoon: Ds Wouter van Velden
082 419 2118 | E-pos:
wouter@ngkwelgemoed.co.za

ALTA DU TOIT
NASORGSENTRUM | AFTERCARE CENTRE
www.altadutoit.org.za

**Alta du Toit Nasorg**
By die Alta du Toit Nasorgsentrum in Bellville word volwasse persone (18 jaar en ouer) met intellektuele gestremdheid versorg en optimaal ontwikkeling om te verseker dat elke individu sy/haar volle potensiaal bereik. Die oudste persoon in die sentrum is 79 jaar oud en daar is ook 'n groep wat geen familie meer het nie. Die nasorgsentrum bestaan reeds 39 jaar.

V**isie: Om die leier op die gebied van dienslewering aan intellektueel gestremde persone te wees.**

Opsomming van Alta du Toit Nasorg:
- 170 Inwoners
- 60 Dagsorgkliënte
- Fisiese & mediese versorging
- Terapeutiese ontwikkelingsgroepe
- Werksopleiding en –ontwikkeling
- Sport & sosialisering

Welgemoed gemeente het drie jaar gelede aktief by Alta du Toit Nasorg betrokke geraak. Ons voorsien verjaarsdag- en kerspakkies en gaan kuier kwartaalliks by hulle te Lincolnstraat 80, net 'n hanetree van ons kerkgebou af. Ons kuiers daar is 'n genotvolle ervaring – ons neem lekker eetgoedjies saam, hou musiekoggende, reël ritte op 'n perdekarretjie, geniet die kulkunstenaar en ons eie hanswors saam met hulle.

Ons kontakpersoon: Aletta Janse van Rensburg 084 410 5700 | E-pos:
alettarens@gmail.com

# Bedieningstruktuur

### Wyke

Die gemeente is geografies ingedeel in wyke.

Gelowiges in die wyke dien mekaar met hul gawes. Wyke het ook 'n besondere gerigtheid op die omgewing waarbinne hulle bestaan en die wêreld.

Die bediening van die wyke geskied onder leiding van die leraars, wykskerkrade en die bedieningskommissie.

### Wykskerkrade

Daar is 3 wykskerkrade, Blok A, B, C.

Elke blok se leraar, wyksouderlinge, diakens, hulpouderlinge en dienswerkers vorm die wykskerkraad.

Die blokleiers skakel met die AKR en UKR waar hul verteenwoordig is.

Bespreek wyksaangeleenthede en beplan wyksake en maak aanbevelings aan AKR oor verkiesing van kerkraadslede.

### Bedieninge en Kommissies

Kerkraadslede en gemeentelede raak betrokke by kommissies en bedieninge wat gemeentewerksaamhede bestuur.

Bedieninge: Familie, Vroue, Diens en Getuienis en Gasvryheidsbediening

Kommissies: Bediening, Geldsake, Admin en Diensverhoudinge, Eiendomme, Funksies en Kommunikasie.




### Uitvoerende Kerkraad (UKR)

Dienende lede – voorsitter, ondervoorsitter, leraars, jeugwerker, leier- en onderleierouderling, leier- en onderleierdiaken, 3x blokleierouderlinge, 3x blokleierdiakens, voorsitter van kommissies/bedieninge.

Bestuur gemeente werksaamhede en gee spesifieke mandate aan kommissies/bedieninge.

### Dagbestuur (DB)

Dienende lede – voorsitter en ondervoorsitter van AKR, leraars, leier- en onderleierouderling, leier- en onderleierdiaken en voorsitter van kommissie onder wie betrokke aangeleentheid resorteer.

Uitvoerende Komitee om dringende aangeleenthede te hanteer en terugvoering te gee aan UKR en AKR.

### Algemene Kerkraad (AKR)

Dienende lede – voorsitter, ondervoorsitter, leraars, jeugwerker, wyksouderlinge, wyksdiakens, ouderlinge met spesiale opdrag en voorsitters van kommissies/bedieninge.

Gee omvattende mandaat aan die UKR. AKR moet jaarliks beplanning en begroting goedkeur.

Epifanie

**Ons vier met Epifanie die verskyning van God.**
Johannes 1:14 "Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

# Januarie

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | *Nuwejaarsdag*<br>**OPENBARE VAKANSIEDAG**<br>**1** | **2** | **3** | **4** | **5** | **6** |
| **DOOP**<br>Sin. deuroffer: Gemeente-hulpfonds<br>Geen kategese<br>Geen Toerusting om 18:30<br>**7** | **8** | **9** | **10** | **11** | **12** | **Gebedsretrait**<br>**13** |
| Spes. deuroffer: Straatwerk<br>Geen kategese<br>Geen Aandbyeenkoms om 18:30<br>**Gebedsretrait**<br>**14** | **15** | **16** | **SKOLE HEROPEN**<br>**17** | **18** | **19** | Kerkraadstoerusting – Schoenstatt<br>**20** |
| **FAMILIEDIENS**<br>Spes. deuroffer: Barmhartigheid<br>**Inskrywing van katkisante**<br>18:00 Tienerdiens (S)<br>18:30 Caritasdiens (K)<br>**21** | 20:00 Bybelstudie: Manne (K)<br>**KOMMISSIES**<br>18:30 Eiendomme<br>18:30 Gasvryheid<br>18:30 Geldsake<br>**22** | 09:30 Bybelstudies: Snr. (S); Vroue (K)<br>17:30 Liturgiese werkgroep<br>18:30 Musiekbediening<br>**KOMMISSIES**<br>18:30 Admin. en Diensverh.<br>18:30 Kommunikasie<br>19:00 Diensgetuienis<br>**23** | 09:00 Mirjam Bybelstudie<br>19:00 Gemeentebybelstudie<br>**KOMMISSIES**<br>18:30 Familiebediening<br>18:30 Funksie<br>**24** | 09:00 Bybelstudie: Vroue (Diasstr. 2)<br>**10:00 Welgemoed Seniorklub (S)**<br>**KOMMISSIE**<br>18:00 Bediening<br>**25** | **26** | Kerkraadstoerusting – Schoenstatt<br>**27** |
| Spes. deuroffer: Alta du Toit Nasorg<br>**09:00 Bevestiging van Kerkraadslede**<br>18:00 Tienerdiens (S)<br>18:30 Caritasdiens (K)<br>**28** | 19:30 Vrouebediening Dagbestuur<br>20:00 Bybelstudie: Manne (K)<br>**29** | 09:30 Bybelstudies: Snr. (S); Vroue (K)<br>17:30 Liturgiese werkgroep<br>18:30 Musiekbediening<br>19:30 Salomé-groep<br>**30** | 09:00 Mirjam Bybelstudie<br>19:00 Gemeentebybelstudie<br>**31** | | | |
| | | | | | | |

**EREDIENS 09:00**
**CARITASDIENS / TOERUSTING / STILDIENS 18:30 soos aangedui**

**Lydenstyd**

**Ons roep die Lydensweg van Jesus in herinnering.**
Filippense 3:10 "Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood."

# Februarie

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 09:00 Bybelstudie:<br>Vroue (Diasstr. 2)<br>09:00 Diensgroep<br>**13:00 Kerkwinkel**<br>**Sperdatum vir kommissieverslae**<br>**1** | **2** | **3** |
| **DOOP**<br>Spes. deuroffer: Paarl-Skool - Neuraal gestremdes<br>18:00 Tienerdiens (S)<br>18:30 Dooptoerusting<br>**18:30 Aandnagmaal**<br>**4** | 19:30 Wyksleidsters-<br>vergadering (S)<br>20:00 Bybelstudie:<br>Manne (K)<br>**5** | 09:30 Bybelstudies:<br>Snr. (S); Vroue (K)<br>17:30 Liturgiese werkgroep<br>18:30 Musiekbediening<br>19:30 Salomé-groep<br>**6** | 09:00 Mirjam Bybelstudie<br>19:00 Gemeente-<br>bybelstudie<br>**7** | 09:00 Bybelstudie:<br>Vroue (Diasstr. 2)<br>**18:30 Uitv. Kerkraad (S)**<br>**8** | **9** | **10** |
| **Biddag vir Opvoeding en Onderwys**<br>Spes. deuroffer: Diensgroep vir Barmhartigheid<br>18:00 Tienerdiens (S)<br>18:30 Dooptoerusting<br>18:30 Toerusting<br>**11** | 20:00 Bybelstudie:<br>Manne (K)<br>**12** | 09:30 Bybelstudies:<br>Snr. (S); Vroue (K)<br>17:30 Liturgiese werkgroep<br>18:30 Musiekbediening<br>19:30 Salomé-groep<br>**13** | **ASWOENSDAG**<br>19:00 Stildiens<br>**14** | 09:00 Bybelstudie:<br>Vroue (Diasstr. 2)<br>**18:30 Wykskerkraad**<br>**19:00 Alg. Kerkraad (S)**<br>**15** | **16** | **17** |
| **EERSTE LYDENSWEEK**<br>Spes. deuroffer: Christelike Alkoholistedienste<br>**BELYDENISAFLEGGING**<br>18:00 Tienerdiens (S)<br>18:30 Dooptoerusting<br>18:30 Toerusting<br>**18** | 20:00 Bybelstudie:<br>Manne (K)<br>**19** | 09:30 Bybelstudies:<br>Snr. (S); Vroue (K)<br>17:30 Liturgiese werkgroep<br>18:30 Musiekbediening<br>19:30 Salomé-groep<br>**20** | 09:00 Mirjam Bybelstudie<br>19:00 Gemeente-<br>bybelstudie<br>19:00 Gebedskursus<br>**21** | 09:00 Bybelstudie:<br>Vroue (Diasstr. 2)<br>19:00 Gebedskursus<br>**Welgemoed Seniorklub uitstappie**<br>**22** | **23** | **24** |
